Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

SEWENDE VERBONDSMAAL EN VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

Datum en Plek: D.V. 19-21 April 2019 te Orania Volksskool.

Tema: Ps.78:10

Hulle het die verbond van God nie gehou nie
en geweier om te wandel in sy Wet.

Tot welke mate is hierdie aanklag op ons as Bybelgelowiges van toepassing?

- Word die Eerste Gebod *"**Ex.20:3** Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie."* nie verbreek binne 'n bedeling met godsdiensvryheid nie?
- Het ons as Godsvolk nie opgehou om in God se wette te wandel toe die meerderheid tot die huidige bedeling ingestem het, nie?

Volgens Psalm 78 moet mens die lesse uit die geskiedenis ter harte neem. **Jer.6:16** sluit daarby aan - mens moet kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en daarin wandel; om rus te vind vir jou siel. Maar die meerderheid is in 1994 mislei en het gestem vir 'n onbekende pad wat ons nou baie duur te staan kom. Hierdie onbekende pad lei klaarblyklik eerder na verderf as na saligheid.

In ons geval is die mees onlangse ou pad die sogenaamde "Apartheidsera", waarvan die aanhef tot daardie Grondwet die Oppergesag en Leiding van die Almagtige God erken het. Dit is nie die geval met die huidige pad/bestel nie, en kan die Bybelgelowige die toorn van die HERE te wagte wees. Verder het Petrus en Johannes God en Sy Gebod hoër geag as die menslike owerheid onder wie se gesag hulle ook gestaan het – Hand.4.

Die verslegtende toestand in ons land die afgelope 25 jaar is Bybels gesproke [Deut.28 en 29] die gevolg van sondes wat ons pleeg. Gewelddadige moorde, verkragtings, ernstige aanrandings, gewapende rooftogte, diefstal, brandstigting, kragonderbrekings, ens., het alledaags geword. So ook statutêre korrupsie, partypolitieke kaping van die staat en nou kom onteiening sonder vergoeding ook by. Daarbenewens gaan ons gebuk onder ernstige droogtes.

Ons sondes skrei ten hemele wat tot ons nadeel en straf lei. Die huidige toedrag van sake is 'n strafgerig waardeur ons hemelse Vader ons as Sy kinders tugtig ter bekering. Diegene wat dit ontken is onverskillig en vererger en verleng die leiding.

Die tema getuig derhalwe teen ons! Hoe lank gaan ons nog weier om te wandel in die Wet van God Almagtig? Moet u nie laat mislei deur mense wat sê dat ons nie onder die Wet is nie. Christus, wat die gesaghebber is, het in **Mat.5:17-20** gesê dat die Wet nie gewysig mag word nie en nie verby kan gaan nie en dat hulle wat die Wet doen en leer groot genoem sal word in die koninkryk van die hemele. Dit word bevestig in ***Op.22:14****: "Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad."* U saligheid, wat beslag kry met u toelating tot die Nuwe Jerusalem [koninkryk van die hemele] en u reg op die Boom van die Lewe [Christus as koning], is onderhewig aan u onderhouding van die Gebooie/Wet. As u redeneer dat die Wet verval het, het u nie 'n paspoort tot die Nuwe Jerusalem nie. Die samevatting van die Wet sê dit so duidelik - Mat.22:36-40 [Eindnota [i]].

Hierdie kennisgewing om die Nagmaal [Verbondsmaal] en die gepaardgaande volksbyeenkoms by te woon, is eintlik in terme van **Deut.16:16** 'n oproepinstruksie: *"Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE jou God verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE verskyn nie; "*

Die feeste, wat deel is van die Wet, moet nog steeds herdenk word. Paulus het in Hand.18:21 hom voorgeneem om die volgende fees by te woon en in Kolosense 2:16 het hy die volgende geskrywe: *"Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,"*. Christus as offer het die Levitiese offers volbring en die Melgisedek orde ingestel, waarvan Hy ewige Hoë Priester is. Paulus, 'n Apostel in Sy diens, het die bestaan van die feeste erken, en erken ons dit met die herdenking van die Nagmaal, Pinkster en Huttefees. Die Orde van Melgisedek kan tog nie sonder orde/wette wees nie!

Die Verbondsmaal/Nagmaal vind D.V. op Goeie Vrydag plaas, wat vasgestel word d.m.v. die nuwemaan en die Maart ewening. Dit herinner aan die kalender waarna Paulus in Kol.2:16 verwys [lees ook Gen.1:14, Ex.12.], welke kalender die rede is waarom Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinkster se Gregoriaanse datums jaarliks verander.

Hiermee word volksgenote wat Jesus die Christus [Jahshua die Messias] bely as die Seun van die HERE [JaHWeH - Eindnota [ii]] en die 1933 Afrikaanse Bybel as vertaalde openbaarmaking van die Wil en Werke van God Almagtig aanvaar en daarna streef, is welkom om hierdie verrigtinge by te woon.

VERBONDSMAAL VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

<u>Vrydag 19 April</u> Verbondsmaal / Nagmaal:

18h00 – 19h00 Elke gesin bring hul eie voorafbereide maaltyd asook hul ongesuurde brood en vrug van die druiwestok saam waartydens die herdenking van dié instelling sal plaasvind.

19h00 Herdenkingsdiens

VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

Die doel van dié byeenkomste is om eietydse- geloofsvraagstukke en toekomsverwagtinge binne die Geloftevolk aan te spreek. Weens die nastrewing van 'n Teokratiese bestel [1] is die vasstelling van die plek van vergadering en die samestelling van die sakelys by wyse van lotsbeslissing gedoen [2]. Die resultaat is dat die vergadering in Orania moet plaasvind en moes die tema en hele sakelys vanuit Psalm 78 vasgestel word. Dit behoort nie vreemd te wees nie. Die elf apostels het die lot gewerp met die aanstelling van Matthías – Hand.1:12-26 en Andries Pretorius is ook by wyse van lotsbeslissing aangewys as die leier van die strafkommando voor die slag van Bloedrivier. Volksgenote wat nog nie hiermee vertroud is nie is welkom om die Lotkroniek af te laai of te bestudeer by die volgende skakel:
https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2014111581230_item_2014-04-07-Die-Lot-Kroniek-9.2.pdf

Saterdag 20 April

Tema: Ps.78:10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie
en geweier om te wandel in sy wet.

08h00- 08h45	Opening, verwelkoming en ordening.
08h45 – 09h15	Aanbieding van Ps.78:3-7
09h15 – 10h00	Bespreking
10h00 - 10h15	Blaaskans
10h15 - 10h45	Aanbieding van Ps.78:36
10h45 - 11h15	Bespreking
11h15 - 11h45	Aanbieding van Ps.78:38
11h45 - 12h15	Bespreking
12h15 – 13h30	Ete – selfvoorsienend.
13h30 – 14h00	Aanbieding van Ps.78:44
14h00 - 14h30	Bespreking
14h30 – 15h00	Aanbieding van Ps.78:52
15h00 – 15h30	Blaaskans
15h30 – 16h00	Bespreking
16h00 – 16h45	Samevatting van dag se verrigtinge
16h45 - 17h00	Dag afsluiting en gesellig saam verkeer daarna

[1] Die totstandkoming van 'n Teokratiese bestel is deel van die besluite van die 2009 Vegkop Volksvergadering. Hiermee die vernaamste besluite wat tydens dié Volksvergadering geneem is:

1.**Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes**, naamlik: Van Riebeeck Gelofte 1654, Bloedrivier Gelofte 1838 en Paardekraal 1880. [Majubadag as dag van verootmoediging en eerbied teenoor God Almagtig geniet dieselfde status as die Geloftes.]

6. Die **toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk, Skrifgefundeerd** (op Bybel gegrond) moet wees.

9. **Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis**. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging. *[Dit is tydens die 2010 Volksvergadering te Nampo voorgelê en aanvaar met die wysiging van een paragraaf, wat voorgelê en algemeen aanvaar is tydens die 2011 Volksvergadering te Orania.]*

Die Geloftevolk Koördineringskomitee is nie 'n organisasie nie en is deur die volk aangewys tydens die 2009 Volksvergadering, met die taak om die besluite van die Geloftevolk ten uitvoere te bring.

[2] Dit is 'n Bybelse voorskrif – **Spreuke 16:33** In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE.

Sondag 21 April

08h00- 08h45	Opening, verwelkoming en ordening.
08h45 – 09h15	Aanbieding van Ps.78:54
09h15 – 09h45	Bespreking
09h45 - 10h00	Blaaskans
10h00 - 10h30	Aanbieding van Ps.78:58
10h30 - 11h00	Bespreking
11h00 - 11h30	Opstelling van die handelinge van die Volkskonsilie
11h30 – 13h00	Verootmoedigingsdiens en Volkskonsilie verdaag
13h00 – 15h00	Ete – selfvoorsienend.
15h00 –	GKK vergadering

Hiermee die sakelys se Skrifgedeeltes in volgorde. Let op hoe ons geskiedenis daarin na vore kom:

Tema: Ps.78:10 Hulle het die verbond van God nie gehou nie en geweier om te wandel in sy wet.

Psa 78:3 Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het,

Psa 78:4 sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.

Psa 78:5 Hy tog het ‘n getuienis opgerig in Jakob en ‘n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het—om dit aan hulle kinders bekend te maak,

Psa 78:6 sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders,

Psa 78:7 en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar,

Psa 78:36 En hulle het Hom met hul mond gevlei en Hom met hul tong belieg;

Psa 78:38 Maar Hy is barmhartig, Hy versoen die ongeregtigheid en verdelg nie, en dikwels wend Hy sy toorn af en wek nie al sy grimmigheid op nie.

Psa 78:44 En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie.

Psa 78:52 Maar Hy het sy volk laat wegtrek soos skape en hulle gelei soos ‘n kudde in die woestyn.

Psa 78:54 En Hy het hulle gebring na sy heilige grondgebied, na die bergland wat sy regterhand verwerf het.

Psa 78:58 En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul gesnede beelde sy jaloersheid gewek.

---

[i] **Mat 22:36-40** Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

[ii] **JaHWeH/die HERE**: Die **1993** Nuwe Vertaling van die Bybel onder redaksie van Prof. W. Vosloo en Prof. F. van Rensburg beskryf in die voetnotas die **bekendmaking van die Naam van die HERE**. Die naam **“Jahwe”** is bekendgemaak toe Moses na die Naam van God vra. Hier is die eerste keer wat die eienaam “Jahwe” bekendgemaak was. (Bron: Bybel in Praktyk, 1993, Eks. 3, Eks. 6, p.98,99,102,103).

Jahshua/Jesus: Die **1995** Almanak en Bybelse dagboek van die Hervormde Kerk verduidelik die oorsprong van die naam “**Jesus**”. “Die benaming, Jesus, is die Griekse weergawe van die bekende Hebreeuse naam **Jeshua, Joshua, Jehoshua** wat beteken: **Jahwe is heil, redding en verlossing**.” (Bron: NHK Bybelse dagboek, 17 Maart 1995, p.56)